Posbus 132, Persequor Park, 0020
Tel : 012 349 1102

NUUSVRYSTELLING

(vir onmiddellike vrystelling)

Nasionale Veediefstalvoorkomingsforum Doen 'N

Beroep Op Produsente Om Veediefstalsake Aan Te Meld

Die Nasionale Veediefstalvoorkomingsforum (NVVK) was die afgelope tyd betrokke by baie vergaderings regoor die land en dit is duidelik dat die statistieke oor die nie-aanmelding van veediefstalsake nie oordryf word nie. Daar is 'n groot toename in veediefstal.

Statistieke Suid-Afrika het aangedui dat 36.3% van veediefstalsake in 2011 nie deur die slagoffers aangemeld is nie. Dié syfer het in 2012 na 40,1% gestyg en in 2013 het dit drasties gestyg tot 63%. Die verskynsel is nie in die 2014 *slagoffers van misdaad opname* geëvalueer nie, maar *Lombaard (2014)* het bevind dat 75% van skaapdiefstalsake in die Vrystaat nie aangemeld word nie. Selfs dié syfers word bevraagteken, aangesien inligting wat deur die provinsies verskaf is, daarop dui dat die nie-aanmelding van veediefstalsake in so ‘n mate toeneem dat dit in sommige distrikte so hoog as tussen 80% en 85% is. Statistieke Suid-Afrika het in 2015 bevestig dat die nie-aanmeldingskoers tot 67,7% gestyg het.

Dié statistieke is aan alle rolspelers in die bedryf beskikbaar gestel en ‘n pleidooi is gelewer vir die aanmelding van veediefstalsake. Daar word sedert Mei 2016 opgemerk dat die aantal veediefstalsake konstant styg en dit is twyfelagtig of meer veediefstalsake aangemeld word en of meer veediefstalmisdade gepleeg word.

Sedert Mei 2016 was baie veeprodusente in die veediefstalbrandpunte die slagoffers van hierdie misdaad. Die gebiede wat tans geteiken word, is die Gauteng Provinsie met spesifieke verwysing na Nigel, Devon, Heildelberg, Vereeniging, Barrage en Fochville. In die Noordwes Provinsie word gebiede soos Lindequedrift, Potchefstroom en Ventersdorp geteiken en in die Vrystaat Provinsie word Heilbron, Edenville, Koppies, Kroonstad en Parys geteiken. Dit is glad nie vreemd om te sien dat groot getalle skape en beeste by produsente gesteel word nie, bv 45 skape in Edenville en 35 skape in Nigel/Devon. In die Nigel/Devon-gebiede word daar snags tussen 3 tot 12 beeste geslag en in die weste van Gauteng en die Noordwes Provinsie, is dit nie vreemd dat beeste gesteel word en oor groot afstande vervoer word nie.

Die Nasionale Veediefstalvoorkomingsforum doen ‘n beroep op veeprodusente om aan al die betrokke wetgewing te voldoen en hul vee gereeld te tel. In die brandpunt-gebiede moet vee selfs meer as een keer per dag getel word. Meld asseblief alle veediefstalsake onmiddellik by die naaste polisiekantoor aan.

- ooo O ooo -

27 Julie 2016

Navrae

Mnr Willie Clack
Voorsitter
Nasionale Veediefstalvoorkomingsforum
Sel : 082 574 2653

Mnr Gerhard Schutte
HUB
Rooivleis Produsente Org.
Sel : 082 556 7296